

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Monday 5 February 1979

WINDHOEK

Maandag 5 Februarie 1979

No. 3896

CONTENTS:

Page

INHOUD:

Bladsy

**PROCLAMATION:**

No. 23 Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Amendment Proclamation, 1979..... 1

**PROKLAMASIE:**

No. 23 Wysigingsproklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1979..... 1

## PROCLAMATION

## PROKLAMASIE

The following Proclamation by the State President of the Republic of South Africa is published for information.

J. F. GREEBE  
*Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa  
Windhoek.

Die volgende Proklamasie van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word vir inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika  
Windhoek.

## PROCLAMATION

by the  
STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF  
SOUTH AFRICA

No. 23 of 1979

PROCLAMATION TO AMEND THE  
REGISTRATION AND INCORPORATION OF  
COMPANIES IN SOUTH WEST AFRICA  
PROCLAMATION, 1978

Under the powers vested in me by section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of

## PROKLAMASIE

van die  
STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN  
SUID-AFRIKA

No. 23 van 1979

PROKLAMASIE TOT WYSIGING VAN DIE  
PROKLAMASIE OP DIE REGISTRASIE EN  
INLYWING VAN MAATSKAPPYE IN SUIDWES-  
AFRIKA, 1978

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika,

1968), I hereby make the laws set out in the Schedule.

GIVEN under my Hand and the Seal of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA at CAPE TOWN this Twenty-fourth day of JANUARY, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER  
State President

By Order of the State President-in-Council

J. C. HEUNIS

### SCHEDULE

#### *Amendment of section 1 of Proclamation 234 of 1978*

1. Section 1 of the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The Registrar of Companies, Windhoek, may at any time before or after 1 January 1979 by notice in the *Official Gazette* and in the *Gazette of the Republic* —

- (a) declare that the fixed date in respect of existing companies and existing external companies which did not comply with the provisions of section 29 of this Proclamation or, as the case may be, section 322 of the Act as applied by section 32 of this Proclamation, before 1 January 1979, shall be a date fixed by him with the concurrence of the Registrar of Companies, Pretoria, and specified in the notice;
- (b) if he is satisfied on the ground of an application in writing addressed to him by a particular existing company or existing external company that it is or was not practicable for that company to comply with the said provisions before 1 January 1979 or, as the case may be, before the date fixed under paragraph (a), declare that the fixed date in respect of that company shall be a date fixed by him with the concurrence of the Registrar of Companies, Pretoria, and specified in that notice.”

#### *Short title*

2. This Proclamation shall be called the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Amendment Proclamation, 1979.

1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

GEGEE onder my Hand en die Seël van die REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA te KAAPSTAD op hede die Vier-en-twintigste dag van JANUARIE, Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER  
Staatspresident

Op las van die Staatspresident-in-Rade

J. C. HEUNIS

### BYLAE

#### *Wysiging van artikel 1 van Proklamasie 234 van 1978*

1. Artikel 1 van die Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, kan te eniger tyd voor of na 1 Januarie 1979 by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* en die *Staatskoerant* van die Republiek —

- (a) verklaar dat die vasgestelde datum ten opsigte van bestaande maatskappye en bestaande buitelandse maatskappye wat nie voor 1 Januarie 1979 aan die bepalings van artikel 29 van hierdie proklamasie of, na gelang van die geval, artikel 322 van die Wet soos deur artikel 32 van hierdie proklamasie toegepas, voldoen het nie, 'n datum is wat hy met die instemming van die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, bepaal en wat in die kennisgewing genoem word;
- (b) indien hy op grond van 'n skriftelike aansoek deur 'n bepaalde bestaande maatskappy of bestaande buitelandse maatskappy aan hom gerig, oortuig is dat dit nie vir daardie maatskappy doenlik is of was om voor 1 Januarie 1979 of, na gelang van die geval, voor die datum kragtens paragraaf (a) bepaal, aan genoemde bepalings te voldoen nie, verklaar dat die vasgestelde datum ten opsigte van daardie maatskappy 'n datum is wat hy met die instemming van die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, bepaal en wat in daardie kennisgewing genoem word.”

#### *Kort titel*

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1979.